

Binne 'n paar uur wens ons mekaar 'n voorspoedige nuwejaar toe. Wat bedoel ons met hierdie voorspoed? Werklike voorspoed - wat is dit en waar begin dit?

SKRIFLESING: Daniël 4

PREDIKING

Nebukadnesar is die koning van Babel en daarom die magtigste man in die destydse wêreld. Hy is 'n rou heiden wat grootgeword het met afgode. Hy het waarskynlik nog nooit van die Here, Sy Woord en verlossing gehoor nie. Hy is een van die mees onwaarskynlike kandidate vir die koninkryk van God!

Die Here het met hom moeite gedoen. Hy het dit nie besef nie, maar dit begin as hy die Here se volk in ballingskap wegvoer. Die Here openbaar Homself stelselmatig aan Nebukadnesar. Nebukadneser leer stadig. Hy bly droogmaak. Die Here bly geduldig.

Ons lees in Daniël 2 dat Nebukadneser 'n droom kry. Die koninklike raadgewers kan nie vir hom vertel wat hy gedroom het nie. Hy dreig om hulle dood te maak.

Nebukadnesar se eerste kennismaking met die lewende God was toe die Daniël die inhoud van sy eerste droom en die uitleg daarvan aan die koning gegee het.

Nebukadnesar het nou reeds tot 'n ontnugtering gekom. Hy besef hoe hopeloos sy eie raadgewers is. Hy besef dat hier 'n Godsmen is wat iets het wat geen mens in Babel het nie. Hier is 'n God wat groter as sy gode is. Hy sê vir Daniël in Daniël 2:47 "Werklik, julle God is die grootste van al die gode, Hy heers oor die konings en Hy openbaar geheime, want jy kon hierdie geheim bekend maak." Dit is egter baie duidelik dat die belydenis net uit sy mond en dalk 'n bietjie uit sy verstand kom, maar verseker nie uit sy hart nie. By Nebukadneser is geen teken van geloof of inkeer nie. Hier is nie eens 'n aanduiding dat sy oë enigsins oopgaan nie. Sy woorde is nog nie koud nie, toe laat hy 'n goue beeld van 30m hoog en 3m breed oprig en almal moet voor die beeld buig en dit aanbid. Daniël se 3 vriende weier om die beeld te aanbid. Hulle word in die brandende vuuroond gegooi wat 7 maal warmer as gewoonlik gemaak is. Hulle stap ongeskonde daar uit.

By die brandende oond het Nebukadnesar die magtige werke van die Here gesien.

Hy bely in Daniël 3:28-29: "Toe sê Nebukadnesar: "Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die eer toe, Hy wat sy engel gestuur het en sy dienaars gered het. Hulle het op hulle God vertrou en het die koninklike bevel verontagsaam en hulle was bereid om hulle lewe te verloor eerder as om enige god behalwe hulle God te dien of te aanbid. Daarom vaardig ek 'n bevel uit dat enige persoon, van watter volk, nasie of taalgroep hy ook is, wat met minagting praat oor die God van Sadrag, Mesag en Abednego, in stukke gekap moet word en dat sy huis 'n puinhoop gemaak moet word. Daar is immers geen ander god wat in staat is om so te red nie."

Maar nog steeds is daar nie by Nebukadneser in- of omkeer nie. Tog skryf die Here hom nie af nie. Die Here maak weer en weer bemoediging met hom, totdat sy oë finaal oopgaan.

Ons lees in Daniël 4 dat die Here wêér met Nebukadneser praat. Hy het nog 'n droom. Die Here waarsku hom dat hy in die veld sal gras eet soos die beeste behalwe as hy erken dat die Here die eintlike regeerder is en sy lewe aan die Here oorgee.

Maar wat maak Nebukadnesar? 'n Jaar na sy droom verklaar hy: "Kyk net hoe groot is Babel! Deur my groot mag het ek dit 'n koningstad gemaak tot my eer en roem." (Daniël 4:30) En toe onttroon die Here hom sommer oornag. Hy sit in die veld en eet gras soos die beeste. Dit was hierdie oordeel van die Here wat daartoe gelei het dat daar by Nebukadnesar gebrokenheid en inkeer, egte inkeer, gekom het. Sy lewe het onherroeplik verander. Hy bely in Daniël 4:34-35: "Toe die vasgestelde tyd verby was, het ek, Nebukadnesar, na die hemel opgekyk om hulp en het ek my verstand teruggekry. Ek het die Allerhoogste geprys, ek het Hom wat ewig leef, geloof en geëer. Aan Sy heerskappy is daar geen einde nie, Sy koninkryk bestaan oor al die geslagte heen. Teenoor Hom is al die bewoners van die aarde soos niks; Hy doen soos Hy besluit met die hemelse magte en met die mense op aarde. Daar is niemand wat Hom daarvan kan weerhou en vir Hom kan sê: 'Wat doen U?' nie."

'n Man vir wie ons nie baie hoop sou hê nie, het 'n ontmoeting met die Here en word gered. Nou mag u vra: "Maar wat het dit alles te doen met wense vir 'n voorspoedige nuwejaar?"

1. Die Here gee voorspoed.

Hy is die grootste van al die gode. Hy heers oor die konings. Hy openbaar geheime. Daar is geen ander god wat in staat is om soos Hy te red nie. Hy is die Allerhoogste God. Sy Koninkryk is 'n ewige Koninkryk. Sy heerskappy duur van geslag tot geslag.

Ek en jy glo en bely dit steeds. Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. Ek glo in die God wat die geskiedenis beheer. Ek glo in die God wat oor regeerders regeer. Hy is God. Hy is my God van 2015.

Saam met Nebukadnesar bely ek: "Toe die vasgestelde tyd verby was, het ek na die hemel opgekyk om hulp en het ek my verstand teruggekry. Ek het die Allerhoogste geprys, ek het Hom wat ewig leef, geloof en geëer. Aan Sy heerskappy is daar geen einde nie, Sy koninkryk bestaan oor al die geslagte heen. Teenoor Hom is al die bewoners van die aarde soos niks; Hy doen soos Hy besluit met die hemelse magte en met die mense op aarde. Daar is niemand wat Hom daarvan kan weerhou en vir Hom kan sê: 'Wat doen U?' nie." (Daniël 4:34-35)

Hy is nie net die Allerhoogste, Almagtige, Skepper en Onderhouer nie. Hy is die genadige God wat vir my lief is. Hy is die God wat geduldig is. Die God van voor begin en oor begin. Dit is tog wat ons met Kersfees gevier het. Hy kies om Immanuel, God by ons, te wees. Hy kies om ons met Sy voorspoed te seën

2. Ons moet net die voorspoed wat Hy vir ons wil gee, in geloof vat.

Hoor weer ons teksverse in Dan 4:25b; 26-27 "... Dan sal u moet erken dat die Allerhoogste mag het oor al die koninkryke op aarde en dit gee aan wie Hy wil.

Die bevel dat die boom se stomp in die grond moet bly, beteken dat u koningskap herstel sal word sodra u erken dat die Hemel regeer. Daarom, U Majesteit, luister na my raad: breek met u sonde en u ongeregtheid, doen wat reg is en bewys barmhartigheid teenoor dié wat in nood is. Dan sal u voorspoed aanhou."

Ons moet oppas om te groot te raak in ons eie oë en die aandag te vestig op wat ons sogenaamd sou vermag het. Voorspoed begin die oomblik as ek ophou om net die regte goed te sê, as ek van die troon van my lewe afklim en oorgee. Dit begin as ek in geloof

klein raak voor die Here en erken dat die Allerhoogste mag het oor die koninkryke van die aarde en oor my lewe.

Voorspoed hou aan as ek in Sy krag breek met sonde. As ek nie net my sonde bely nie, maar ook daadwerklik daarmee breek.

Voorspoed hou aan as ek doen wat reg is, as ek volg in die voetspore van Jesus Christus.

Voorspoed hou aan as ek barmhartigheid bewys teenoor die wat in nood is. Jesus sê self: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang." (Handelinge 20:35)

Voorspoed hou aan as die lewe nie oor my gaan nie, maar as ek soos Nebukadneser die Here loof en prys. Hoor sy lofprijsing in Daniel 4:37: "Ek, Nebukadnesar, prys en eer en loof die Koning van die hemel. Alles wat Hy doen, is reg, sy optrede is regverdig. Hy het die mag om hoogmoediges te verneder."

Kom ons juig oor ons Redder en my God! Kom ons besing sy lof: "Hoe groot is U, hoe groot is U!"

Afsluiting

Wanneer ons netnou vir mekaar voorspoedige nuwejaar toewens, onthou wat dit beteken:

Die Here, die Allerhoogste, Almagtige, Skepper en Onderhouer wil vir jou seën met voorspoed. Maar jy kan nie maar net sit en wag daarvoor nie. Jy moet dit vat met 'n hart van geloof. Voorspoed is 'n heilige lewe, knieë wat buig voor Hom, voete wat loop waar Jesus loop, diensbare hande en lippe wat Hom loof.

Amen

[Voorstel vir skakel in kuberamma](#)

Preke

Wat beteken 'Voorspoedige Nuwejaar' wat ons vir mekaar op oujaarsaand toewens?

Die Here, die Allerhoogste, Almagtige, Skepper en Onderhouer wil vir jou seën met voorspoed. Maar jy kan nie maar net sit en wag daarvoor nie. Jy moet dit vat met 'n hart van geloof. Voorspoed is 'n heilige lewe, knieë wat buig voor Hom, voete wat loop waar Jesus loop, diensbare hande en lippe wat Hom loof. [Wanneer beleef jy voorspoed](#)